# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| Vak | Afrikaans | Eksaminatrise | Mev.J. Dorrington |
|---|---|---|---|
| Datum | Junie 2021 | Totale punte | 50 |
| Graad | 6 | Tydsduur | 2 ure |
| | | Moderatrise | Mej. M. Botha |
| Spesiale instruksies | Geen woordeboeke.<br>Antwoord op die vraestel. | | |

**This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.**

| Naam: | Van: | Klas: |
|---|---|---|

**Hierdie vraestel bestaan uit:**

**Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks /20**

**Vraag 2: Visuele teks /10**

**Vraag 3: Opsomming /5**

**Vraag 4: Taal in konteks /15**

## Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks

Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.

***So rooi soos 'n tamatie!!***

1. 'n Kosfees met 'n verskil. In Spanje vind daar al van 1945, 'n tamatie fees plaas. Dit is die grootse kos geveg in die wêreld, dit word deur duisende mense jaarliks bygewoon.

2. Die 'La Tomatina' in Bunol begin met trokke wat vragte vol oorryp tamaties orals in die dorp aflaai. Die tamaties word deur plaaslike boere geskenk vir die fees.

3. Sodra die trokke verby is, gryp feesgangers soveel tamaties as wat hulle kan, 'n sirene laat weet die mense sodra hulle mekaar mag begin gooi.

4. Dit is 'n uur van papperige, bloedrooi tamaties en skreeusnaakse tonele soos mense glip en gly oor die tamatie gemors.

5. <u>Van die reëls by die La Tomatina fees sluit in:</u>
   - Jy moet ophou sodra die uur verby is.
   - Jy mag nie iets saambring wat beserings kan veroorsaak nie soos, bv. glasbottels nie.
   - Net vrot, pap tamaties mag gebruik word.
   - Dra ou klere wat jy nie weer gaan wil dra nie, en tekkies met goeie sole.
   - Moet nie die fees bywoon as jy allergies is vir tamaties nie.

6. Na die tyd kan die feesgangers hulle self afwas in die Bunolrivier of met van die beskikbare tuinslange. Daarna is dit tyd om van die partytjies by te woon.

**Leesstuk aangepas uit: Slimkoppe**

**Aantal woorde 219**



**<u>Vrae</u>:**

**Nadat jy die teks sorgvuldig deurgelees het, beantwoord die volgende vrae in volledige sinne. Onthou geen Engels.**

1.1 Wat is die *La Tomatina*?

______________________________________________________________________(1)

1.2 Hoeveel mense word vir die fees verwag?

______________________________________________________________________(1)

1.3 Hoekom dink jy, mag jy nie, glasbottels saambring nie?

______________________________________________________________________ (1)

1.4 Vind die sin in **paragraaf 1** wat vir ons sê hoe gereeld die fees plaasvind.
**Skryf die sin neer.**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

1.5 Hoe lank duur die fees? (Vir hoe lank mag jy mense met tamaties gooi?)

______________________________________________________________________(1)

1.6 Verduidelik in twee sinne waar die tamaties vandaan kom?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(2)

1.7 Wanneer het die fees die eerste keer plaasgevind?

______________________________________________________________________(1)

1.8 Wat dink jy bedoel " 'n kosfees met 'n verskil"?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

1.9 Mense gebruik pap, vrot tamaties wat nie seer maak nie om mekaar te gooi.
Wat dink jy sal gebeur as mense mekaar met harde groen tamaties gooi?

______________________________________________________________________(1)

1.10 Wat wil die skrywer van die berig probeer doen / bereik met die skryf van die inligtingstuk?

_____________________________________________________________________(1)

1.11 Dink jy die sirene is nodig, om vir die mense te sê, wanneer hulle mekaar mag begin gooi? Verduidelik jou antwoord.

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________(2)

1.12 Wat dink jy sal die gevolge wees as ons so fees by ons skool hou. Skryf jou antwoord in twee sinne neer.

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________(2)

1.13 Hoekom dink jy moet mense ou klere aantrek wat hulle nie weer wil dra nie?

_____________________________________________________________________(1)

1.14 Hoe voel jy oor die feit dat daar trokke vol tamaties gemors word? Hoekom?

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________(1)

1.15 Dink jy die titel van die storie is gepas? Gee ʼn rede vir jou antwoord.

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________(1)

1.16 Wat het jy gedink of gevoel toe jy die berig gelees het. Sal jy die fees wil bywoon? Gee ʼn gepaste rede vir jou antwoord.

_____________________________________________________________________

_____________________________________________________________________(1)

1.17 Na die fees is daar mense wat weer die strate en die dorp moet skoonmaak.

Dink jy hulle sien uit na die fees?

________________________________________________________________(1)

**Totaal vraag 1: 20**

## Vraag 2: Visuele teks

Kyk na die volgende foto's en beantwoord dan die vrae wat volg.



Foto 1



Foto 2

2.1 Kyk na die fotos en noem enige twee verskille wat jy kan sien.

Foto 1:________________________________________________

________________________________________________

Foto 2:________________________________________________

________________________________________________ (2)

2.2 Wat sê die meisie se gesigsuitdrukking vir ons?

Foto 1: ________________________________________________

Foto 2: ________________________________________________ (2)

2.3 Hoekom dink jy het die meisie 'n veiligheidsbril in foto 2 aan?

________________________________________________ (1)

2.4 Wat kan ons aflei, as ons na die agtergrond kyk, van die twee foto's?

Foto 1: ________________________________________________

Foto 2: ________________________________________________ (2)



Foto Groep 3

2.5 Kyk na die mense in Foto Groep 3. Wat dink jy is hulle besig om te doen?

______________________________________________ (1)

2.6 Wat gebruik hulle om die strate mee skoon te maak?

______________________________________________ (1)

2.7 Dink jy dit is 'n vinnige of lang proses om die tamatie gemors skoon te maak? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________ (1)

**Totaal vraag 2: 10**

## Vraag 3: Opsomming

<u>Instruksies</u>:

- Som die inligtingsstuk in 6 goeie sinne op.
- Skryf jou sinne onder mekaar neer.
- Nommer jou sinne van 1-6.
- Jou opsomming moet tussen 60 tot 70 woorde wees.
- Skryf jou aantal woorde aan die einde van jou opsomming neer.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

Aantal woorde: _________

**Totaal vraag 3: 5**

## Vraag 4: Taal in konteks

**Gebruik die leesstuk 'So rooi soos 'n tamatie!' om die vrae te beantwoord.**

4.1 Onderstreep die **werkwoord** in die volgende sin.

**Hulle gooi mekaar met ryp tamaties.** (1)

4.2 Die **byvoeglike naamwoord** in die volgende sin is___ ? **Omkring** die regte antwoord.

**Die fees is deur opgewonde mense bygewoon.**

A. fees
B. opgewonde
C. bygewoon (1)

4.3 Gee 'n **antoniem** vir eindig: ______________________________ (1)

4.4 Gee 'n **sinoniem** vir stop: ______________________________ (1)

4.5 Voltooi die tabel.

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| tamatie | | |

(2)

4.6 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd**.

Die mense wag vir die sirene.

________________________________________________________________________(1)

4.7 Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd**.

Hulle maak die strate skoon.

______________________________________________________________________________(1)

4.8 Vul 'n korrekte **lidwoord** in die volgende sin in.

Gryp vir jou genoeg van ______ tamaties voordat die fees begin. (1)

4.9 Sê watter **tipe sin** die volgende sin is. Onderstreep die regte antwoord tussen hakies.

Is die uur al verby? (1)

(vraagsin, stelsin, uitroepsin)

4.10 Sê watter tipe **voornaamwoord** in die volgende sin gebruik is.

Gebruik die woorde in die blok om jou te help.

| | |
|---|---|
| Persoonlike voornaamwoord, | Besitlike voornaamwoord, |
| Aanwysende voornaamwoord, | Onpersoonlike voornaamwoord |

Hierdie tamaties is nog groen. _________________________ (1)

4.11 Skryf die volgende woord in **lettergrepe** en **sê of dit oop of geslote** is.

**duisende**: ________________________________________ (1)

4.12 Gee die **intensiewe vorm** van **rooi**: ________________________ (1)

4.13 Gee die **trappe van vergelyking** van: (2)

| **Stellende trap** | **Vergrotende trap** | **Oortreffende trap** |
|---|---|---|
| snaaks | | |

**Totaal vraag 4: 15**

**Graad 6 Afrikaans FAL Junie Eksamen 2021**

Prestasie evaluering

(Vir onderwys gebruik alleenlik)

Naam en van:______________________________________ Klas: 6______

Vraag 1:

| Vraag nommer: | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | | | |

| Vraag nommer: | 1.10 | 1.11 | 1.12 | .13 | 1.14 | 1.15 | 1.16 | 1.17 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | |

Vraag 2:

| Vraag nommer: | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 2 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | |

Vraag 3:

| | |
|---|---|
| Moontlike punt: | 5 |
| Leerder punt: | |

Vraag 4:

| Vraag nommer: | 4.1 | 4.2 | 4.3 | 4.4 | 4.5 | 4.6 | 4.7 | 4.8 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | |

| Vraag nommer: | 4.9 | 4.10 | 4.11 | 4.12 | 4.13 |
|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 |
| Leerder punt: | | | | | |